STATUS-MARK
PROPERTY MANAGEMENT EIENDOMBESTUUR

11 MEYER ST.
MOSSELBAAI / BAY
E-mail: info@status-mark.co.za
Website: status-mark.co.za

567
MOSSELBAAI / BAY
6500
(044) 691 3054
(044) 691 1520

**NOTULE**

**BLUE RIDGE HEV (101)**

**NOTULE VAN DIE TRUSTEE VERGADERING VIR BLUE RIDGE HEV WAT GEHOU IS OP WOENSDAG 5 JANUARIE 2022 OM 09H00 PER ZOOM**

| | | |
|---|---|---|
| **1** | **Konstituering** | |
| | 'n Wettige kworum is teenwoordig. | |
| **2** | **Opening** | |
| | Die Voorsitter open die vergadering. | **GG** |
| **3** | **Verwelkoming** | |
| | Die Voorsitter heet almal welkom. | **GG** |
| **4** | **Presensie: Teenwoordig & verskoning** | |
| | Teenwoordig:<br>Mnr G Germishuizen – Voorsitter<br>Mnr L Neveling<br>Mev L Potgieter<br>Mev L Stevens<br>Mev R van Huyssteen<br><br>Mev T Brown (Status Mark)<br>Mev R Moore (Status Mark)<br><br>**Verskoning:**<br>geen | <br>**GG**<br>**LN**<br>**LP**<br>**LS**<br>**RvH**<br><br>**SM**<br>**SM** |
| **5** | **Mosies van lief en leed** | |
| | Hierdie item word van die agenda afgehaal. | **AFHAAL** |
| **6** | **Goedkeuring van vorige notule: 1 Desember 2021** | |
| | Die notule soos voorgehou word eenparig goedgekeur. | **KOMITEE** |
| **7** | **Sake voortspruitend uit die vorige notule:** | |
| | 7.1 **Brandtoerusting** | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | L Neveling sal die eienaar wat aangedui het dat hy belangstel in van die brandtoerusting kontak. | LN |
| | | | |
| | 7.2 | **Planne vir kantoorgebou** | |
| | | | |
| | | Hierdie item staan oor tot die volgende vergadering. | **STAAN OOR** |
| | | | |
| | 7.3 | **CCTV Kameras oorname** | |
| | | | |
| | | Die aangeleentheid is afgehandel. Die Komitee gaan afteken en skrywe aan DBS rig om oorname te bevestig waarna die finale faktuur vereffen sal word. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| | 7.4 | **Toegangsbeheer opsies** | |
| | | | |
| | | Verdere ondersoek moet gedoen word. L Neveling sal met Wessel van Electronic Services praat in verband met die moontlikheid om twee sim kaarte te hê, 'n nommer vir ingaan en aparte nommer vir uitgaan asook dat slegs een hek op 'n slag oopmaak instede van beide hekke met ingang en uitgang. L Neveling sal weer opvolg ten opsigte van die kwotasie vir valhekke. Killer sal in die oggende bouer monitering doen. Boukontraktuers se werkers mag nie net inloop wanneer die toegangshek oopmaak nie. In terme van klousule 5.4.1 van die bouregulasies moet die boukontrakeurs se werkers per voertuig in Blue Ridge ingeneem word wat streng toegepas sal word.<br><br>Status Mark bevestig dat in terme van POPI wetgewing, die Komitee geregtig is om die nodige persoonlike inligting van persone aan te vra wie Blue Ridge betree weens die feit dat toegangsbeheer toegepas word en daar 'n standaard dokument by Status Mark onderteken word. Status Mark word versoek om die dokument aan die Komitee te sirkuleer. | LN<br><br>SM |
| | | | |
| | 7.5 | **Uitheemse plantegroei – gemeenskaplike eiendom** | |
| | | | |
| | | Uitheemse boom moet vervang word met 'n inheemse boom, maar is nie 'n bedreigde spesie nie en kan dus uitgehaal word om verdere skade aan die water toevoer te voorkom. Status Mark word versoek om 'n skrywe aan die betrokke eienaars te rig om toestemming te kry dat die boom verwyder kan word. | SM |
| | | | |
| | 7.6 | **Huur van 2de motorhuis – dokumente vir Trust/Maatskappy** | |
| | | | |
| | | Die Komitee het beide getekende kontrakte ontvang. R van Huyssteen sal die getekende kontrakte aan Status Mark stuur vir rekord doeleindes. | RvH |
| | | | |
| | 7.7 | **Bulk watermeter lesings** | |
| | | | |
| | | Die waterlesings toon tans stabiel. Hierdie item is afgehandel. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| | 7.8 | **Nuwe Grondwet - munisipaliteit** | |
| | | | |
| | | R van Huyssteen het die nuwe goedgekeurde Grondwet by die munisipaliteit ingedien vir goedkeuring. Status Mark moet met ontvangs die goedgekeurde Grondwet aan R van Huyssteen stuur | SM |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | om op die webtuiste te plaas asook aan alle eienaars sirkuleer. | |
| | | | |
| | 7.9 | **Terugvoering – spoedgrense en boetes by ander skemas** | |
| | | | |
| | | Status-quo word behou. Hierdie item is afgehandel. | **AFGEHANDEL** |
| | | | |
| **8** | **Versekering** | | |
| | | | |
| | Onderskrywer – Hollard<br>Makelaar – Insure Makelaars<br>Gemeenskaplike eiendom – R1 747 698.00<br>Gemeenregtelike aanspreeklikheid –R1 000 000.00<br>Sambreel aanspreeklikheid – R20 000 000.00<br>Premie per maand – R793.82<br><br>Die versekering bly onveranderd.<br><br>Status Mark word versoek om bevestiging te kry wat die premie op die brandtoerusting is en dit aan die Komitee deur te gee. | | **SM** |
| | | | |
| **9** | **Finansies** | | |
| | | | |
| | 9.1 | **Bestuurstate – Desember 2021** | |
| | | | |
| | | Die Bestuurstate soos voorgelê word deur die Komitee goedgekeur. R van Huyssteen meld dat die finale koste aan DBS oorbetaal sal word vir die CCTV kameras sodra die faktuur ontvang is. | **RvH** |
| | | | |
| | 9.2 | **Bank balanse** | |
| | | | |
| | | Die bank balanse soos op 3 Januarie 2022 as volg:<br><br>Tjek rekening – R52 003.28<br>Reserwe fonds – R898 458.95<br>Kleinkas – R7 825.75<br>MINUS:<br>Vooruitontvangde heffings R83 984.69<br>Bou deposito – R60 152.11<br>TOTAAL = R814 151.18 | |
| | | | |
| | 9.3 | **Uitstaande heffings** | |
| | | | |
| | | Die totale uitstaande heffings beloop R12 125.24. Daar is 2 eienaars tans oorhandig. Status Mark volg voortdurend op met die betrokke eienaars. Status Mark word bedank vir die wyse waarop die uitstaande heffings hanteer word. | **SM** |
| | | | |
| **10** | **Argitektonies** | | |
| | | | |
| | Geen items vir bespreking nie | | |
| | | | |
| **11** | **Sekuriteit** | | |
| | | | |
| | Soos bespreek onder punt 7.4 | | |
| | | | |
| **12** | **Infrastruktuur** | | |
| | | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 12.1 | **Padtekens** | |
| | | Die padtekens is ontvang en sal opgerig word. | **LN** |
| **13** | **Instandhouding & tuine** | | |
| | Verwys na punt 7.5 van die notule | | |
| **14** | **Personeel** | | |
| | **14.1** | **Permanente burgerskap & ID van werker** | |
| | | Die werker sal bevestiging gee sodra dit ontvang is. | |
| | **14.2** | **Killer – privaat werk** | |
| | | L Potgieter meld dat Killer privaat werk vir eienaars doen gedurende werksure en gedurende sy etenstye.<br>**Besluit:**<br>1. L Neveling sal vir Killer 'n finale waarskuwing gee dat geen privaat werk vir eienaars gedoen mag word gedurende sy werksure vir Blue Ridge nie.<br>2. Indien geen gehoor gegee word aan bogenoemde nie sal alle privaat werk gestaak word. | **LN/LP** |
| **15** | **Algemeen** | | |
| | **15.1** | **Vullisssakke** | |
| | | Status Mark bevestig dat die munisipaliteit vullissakke op 'n kwartaalikse basis voorsien aan Blue Ridge. | **SM** |
| | **15.2** | **L Stevens – Beïndiging as Komitee lid** | |
| | | L Stevens bevestig dat haar woning verkoop is en oordrag binnekort sal plaasvind en weens hierdie rede sal sy nie meer op die Komitee kan dien nie. Die Voorsitter bedank L Stevens vir haar bydrae en tyd gelewer aan Blue Ridge. Daar is tans 3 fakatures oop as gevolg van eienaars wie verkoop het. | **LS** |
| | **15.3** | **Dienskontrak – FICA veldtog deur Absa** | |
| | | Status Mark stel die Komitee in kennis dat Absa tans besig is met 'n FICA veldtog. Een van die dokument vereistes is dat 'n dienskontrak, nie ouer as 3 jaar, voorsien moet word. Die Voorsitter versoek dat Status Mark 'n nuwe kontrak opstel en aan die Komitee stuur vir ondertekening en dat die dienskontrak met Status Mark elke jaar op die AJV goedgekeur sal word vir FICA doeleindes. | **SM** |
| **16** | **Datum van volgende vergadering** | | |
| | Woensdag 9 Februarie 2022 om 9h00 | | |
| **17** | **Afsluiting** | | |
| | Met geen verdere items om te bespreek nie sluit die vergadering om 10h42 af. | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | ............................ Goedgekeur | 25/2/22 ............ Datum | |

Trustees (7):


Gerrie Germishuizen 083 413 5440 germishg@gmail.com
Leon Neveling 072 636 8222 leonneveling3@gmail.com
Lydia Potgieter 082 976 9423 potgieterel@absamail.co.za
Reinet van Huyssteen 081 347 8126 reinetvh@telkomsa.net


Datum uitgestuur: 6/1/2022